**14 Augustus**

**Aardse skatte word nie altyd geniet nie**

**Skrifgedeelte: Prediker 5:17 – 6:12**
**Fokusgedeelte: Prediker 6:2**

Die Prediker sit in hierdie gedeelte sy gesprek voort oor rykdom wat nie altyd vir ’n mens ’n bron van vreugde is nie, en wat soms selfs hartseer en bitterheid tot gevolg het. Teenoor die persoon aan wie God rykdom gee en wat Hy ook in staat stel om daarvan te geniet (5:18), vertel hy nou van die persoon wat alles het wat sy hart begeer, maar God laat hom nie daarvan geniet nie, en op die ou end gaan iemand anders daarmee heen.

Wie het die Prediker in gedagte? Miskien iemand wat deur ’n ernstige siektetoestand verhinder word om sy besittings te waardeer en te geniet, of iemand wat jonk te sterwe kom, of iemand wat so hard werk en wat soveel verantwoordelikhede en kwellinge het dat hy nie in staat is om af te skakel en te ontspan nie.

Die gelowige se troos is dat God ’n doel of ’n plan het met alles wat in sy lewe gebeur, dat “voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alles ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom” (HK antw. 27). Die uiteinde van God se plan is dat jy in Christus ’n skat in die hemel sal hê wat niemand van jou kan wegneem nie en wat jy vir ewig kan geniet.

Daarom kan ’n mens selfs in moeilike, bittere omstandighede, soos die apostel Paulus in Filippense 4:11-13, vergenoeg wees deur Hom wat aan jou die krag gee.

*Sing: Psalm 34:1* *Ds. Casper Breed (Secunda)*